Brandpunt

Vergifnis en die pad vorentoe!

Prof. RS (Rantoa) Letšosa (Teologiese Skool)

Ons lewe in ’n tyd waarin elkeen amper vir homself lewe. In Afrikakonteks sê mense: Elkeen vir homself, God vir ons almal. Hierdie is heeltemal die teenoorgestelde van die *ubuntu*-konsep “*motho ke motho ka batho ba bang*” (’n mens is ’n mens deur ander mense).

Tot sover het die Gereformeerde Kerke ’n lang pad geloop om een te word. Daar is nog steeds, soos ek al voorheen in my *Kerkblad*artikels geskryf het, struikelblokke wat uit die weg geruim moet word – dinge soos wat in die kerk gesing moet word; die verskille in jeugbediening (RCYM); die feit dat die jeug hulleself nog steeds in die ou klassisse groepeer en so ook die vrouens; sake oor die opleiding by verskillende inrigtings wat ook in ’n sekere opsigte van mekaar verskil.

Het die kerke dan ’n fout begaan? Moes ons eers na al hierdie dinge gekyk het voor ons hiermee voortgegaan het? Nee, nee, nee! Glad nie. Ek dink dat ons ’n groot voorbeeld vir die wêreld is en ook vir baie ander kerke wat nog hierdie pad moet loop. Ten spyte van die feit dat daar steeds hierdie probleme is wat tans aandag kry, is daar nietemin ook agtergeblewenes in die proses. Dieselfde rede wat die ander nie wou sien as dinge wat die kerk agter moet hou nie, is dieselfde rede wat gebruik word om die kerk agter te hou. Baie het seergekry in die proses van eenwording. Dit kan ons maar aanvaar. Nie almal was tevrede gestel nie – wat in elk geval heeltemal onmoontlik is. Ander voel dat daar nie na hulle genoeg geluister is nie.

Aan die eenkant maak dit sin, maar ons sit met die probleem – wat nou? Hoe moet ons vorentoe gaan?

Mens kry soms die gevoel dat die kerk soms alles volgens die “boek” wil laat loop. Alles moes ordelik verloop en die punt kom nooit op die tafel nie. ’n Belangrike saak, maak nie saak hoe dringend en belangrik nie, word maklik van die tafel gegooi omdat dit nie ordelik op tafel gekom het nie. Dus sit baie mense met hierdie seer in die hart. Die punt wat ek wil maak, is dat waardeur ons ook al moes gaan in dié proses, gee dit niemand die reg om die saak in sy/haar eie hande te neem nie. Dit gee niemand die reg om vir die ander voorwaardes te stel voordat daar verder met hom gesels kan word ter wille van versoening nie.

Pastoraal in benadering?

Is dit nie tyd dat ons as medegelowiges meer pastoraal moet wees in ons benadering nie? Daniël Louw noem dat daar ’n klein verskil tussen versoening en vergifnis is, maar dat die twee ’n noue verband het. Versoening hou verband met die nuwe lewe in Christus en kom deur die genesende krag van die genade. Dit openbaar homself in vredevolle verhoudings en werke van

geregtigheid, terwyl vergifnis die juridiese komponent van die loskoping en regverdigmaking bevat.

In pastorale berading werk ons dus met versoening. Ons fokus nie op die strafmodel nie. Die wêreld verheug hom daarin dat almal wat gesondig het en skuldig is, gestraf moet word. Tog het die kerk ’n ander benadering, of is ten minste veronderstel om ’n ander benadering te hê, dié van versoening.

Ons moet begin waar Christus begin het, aan die kruis. Sy eerste woorde aan die kruis: “Vader, vergewe hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie.” Hierdie is die beginpunt, en ek weet dat baie nie hieroor saam met my sal stem nie. Baie sê: Luister eers na wat die probleem is. Ander voel dat alles op ’n regverdige manier gedoen moet word, en dat daar nie ware vergifnis kan plaasvind as die verkeerde nie eers gestraf word nie.

Sou dit die Bybelse leer wees, sou nie een van ons voor die Here kon staan nie. Ons staan voor Hom juis omdat ons reeds vergewe is. Dink maar aan ’n vader wat tuis kom net om te vind dat sy kind sy kar gestamp het. Hy raak kwaad, maar vergewe wie ook al die kar gestamp het, al sou hy steeds met die persoon kom raas. Maar tog, al het hy dit raak gesien, verwag hy tog dat die seun om vergifnis moet vra. In hierdie geval loop ware vergifnis vooruit. God het homself met ons kom versoen en Hy het die eerste tree geneem.

Vergifnis is opreg

Vergifnis is nie voorwaardelik nie, maar opreg. Dit sê nie “ek sal jou vergewe maar nooit vergeet” nie. Die beteken dan dat die persoon eenvoudig nie wil vergewe nie. As ’n mens sê ek kan nie vergewe nie, dan wil hy/sy eenvoudig nie vergewe nie, hoe moeilik dit nou ook al mag klink. Jy vergewe ook nie om maar net die persoon uit die weg uit te ruim of om die mens op parool te laat gaan nie. Vergifnis is om iemand vry te stel, onvoorwaardelik, volledig.

Ons sê hier vir mekaar: Om die pad vorentoe saam te loop, moet ons vergewe. Ons sal nie ou dinge nou reg kan maak nie, hoe graag ons dit ook al wil doen. Ons kan daaroor praat as ons moet. Maar dit moet nie die voorwaarde wees nie. Stefanus, wat in die voetspore van sy Meester, ons Here Jesus, geloop het, het dieselfde gebed van die Here vir dié wat hom gestenig het, gebid: “Vader vergewe hulle, hulle weet nie wat hulle doen nie.” Hoeveel kere voel ons nie om terug te wil slaan nie. Ek wil hê dat die hele wêreld moet weet dat ek kwaad is en nie met my medegelowige wil of kan saamwerk nie.

Ons moet weer terug na die Bybelse beginsels toe. Ons moet kan vergewe. Paulus sê omdat God Homself met ons kom versoen het, moet ons in versoening lewe. Aan ons is die boodskap en die diens van versoening toevertrou. Hoe kan ons dit toepas as ons nie self in versoening met mekaar kan lewe nie!

Die pad vorentoe

Ek doen ’n beroep op almal saam met Paulus in 2 Korintiërs 5:20 – “Ons smeek julle namens Christus: Aanvaar die versoening met God wat Hy bewerk het!” Hierdie is nie ’n keuse nie. Dit is ’n bevel en ’n baie ernstige saak. Ons moet die self prysgee. Alle dinge wat seermaak, laat gaan en vorentoe kyk. Ons moet vir mekaar kan sê broer of suster, ek het jou lankal vergewe. Ons is lankal een in Christus, want dit is wat en hoe en wie ons moet wees.

Hoe sal die wêreld sien dat ons kinders van die Here is? Net as ons met mekaar in liefde lewe. Ja, ons moet vooruit vergewe. Ons kan na mekaar luister, maar of ons saamstem met mekaar

of nie, of ons mekaar kan oortuig of nie, ons moet mekaar nog steeds vergewe omdat die Here ons eerste vergewe het, ja ons, ellendige sondaars, selfs nog voor ons gebore was.

Dit wat ons nie kan oplos nie, los ons in die hande van die Here, maar vorentoe moet ons gaan.
DK